# Tafnuus: Januarie 2026

**Goeie dag Taffies**

**Wens elkeen ‘n wonderlike 2026 vol nuwe fotografie avonture toe.**

Februarie uitstappie na Zone 7 MX Motocross. Saterdag oggend die 14de Februarie. Kom gerus saam en deel in die opwinding.

Ons beplan nog aan ons weg naweek later die jaar, maar De Kelders en omgewing is heel waarskynlik waar dit sal plaasvind.

Die Weskaap Fotografie forum waarvan ons klub ook lid is, het ‘n jaarlikse mini kongres geleentheid voorgestel. Tafelberg help koordineer saam met Witzenberg, Swartland en Worcester klubs vir hierdie jaar se Weskaap mini kongres. Dit vind tentatief in Tulbach (mooi historiese geboue) en omgewing plaas en klem is op landskaps fotografie. Daar sal ook heel waarskynlik ‘n interklub kompetisie, sprekers en praktiese sessies wees. Finale datums sal later deurgegee word.

Tafklub salon sluitings datum die 2de Mei 2026. Beplan nou al asb om **Prints** in te skryf en neem fotos wat sal werk in die kategorie.

Februarie Tema is “**Weerkaatsings**” en ons eie klub lid Fransoinette Swart is die bekwame beoordelaar. Sluitings datum vir inskrywings is die 11de Februarie en beoordelings terugvoer die 17de Februarie.

**Klubtema: Weerkaatsings**

Die foto moet ’n **duidelike weerkaatsing** wys waar die refleksie ’n **belangrike deel van die komposisie** vorm.

Weerkaatsings kan voorkom in:

- Water, glas, spieëls, metaal of nat oppervlaktes.

Beide **duidelike** en **vervormde/abstrakte** refleksies word aanvaar.

**WEN-FOTO'S van Januarie klub kompetisie, ons beoordelaar Peter Hardcastle van Swartland klub.** Baie dankie vir die beoordeling van 'n groot getal inskrywings, ons **waardeer** beoordelaars se insette en bydrae in ons fotografie reis.

## Baie geluk aan die Januarie Maand kompetisie wenners en aan elkeen wie deelgeneem het.

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Adriaan van Zyl: Zebras**<br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Theo Potgieter: Golden sunset**<br>**Naas Wenner: Vaste Kategorie** |
|  |  |
| **Juliane van Dyk: Spiraal na bo**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Amanda du Toit: Whisper of wings**<br>**Naas Wenner: Ope kategorie asook ons Junior wenner.** |

**3. KLUB PRESTASIES: Gelukwense aan die onderstaande TAFklub lede!!!** Die syfers aan die begin van die kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het.

| Naam | Vanderbijlpark salon |
|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| Hendi Barnard | 1 | |
| Neels Beyers | 1 | |
| Andre de Koker | 5 | 2 Meriete |
| Phillip de Lange | 1 | |
| Christo Giliomee | 6 | 1 Medalje |
| Niel Goslett | 3 | |
| Amanda du Toit | 6 | 1 Meriete |
| Eurica Scholtz | 2 | |
| Juliane van Dyk | 8 | 1 Meriete |
| Karen van Zyl | 4 | |
| Arnold van Dyk | 1 | |
| Sonja Myburgh | 8 | 1 Meriete |

**Onthou: Jaarprogram onderaan aangeheg aan epos is onderhewe aan veranderinge aangesien alles nog nie gefinaliseer is.**

Hartlik welkom aan Mark de Villiers, ons nuwe lid, geniet die klub en sy mense.

Onthou asb jaargelde beloop R500 per jaar en is verkieslik betaalbaar teen die einde van Januarie 2026. Studente kry afslag tot op ouderdom 22jr en hul betaal helfte van volle fooi, maw R250. Skoliere gratis.

Gelyk paaie en mooi herinneringe en wonderlike foto geleenthede aan ekeen.

Voorsitter

Juliane van Dyk

**Tafelberg Fotografieklub - "Die lekkerste fotografieklub in die Wes-Kaap"**

e-mail : tafklub@gmail.com website : www.tafklub.co.za